# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2026

*God se droom vir sy kerk: Behoort én Beweeg.*

**2026.07**

Psalm 103:12; 1 Johannes 1:8-9; Jesaja 1:18; Handelinge 2:19; Efesiërs 4:31-32; Kolossense 3:13; Psalm 32:1-11

**Vergewe en versoen**

Een van die moeilikste goed wat ’n mens kan doen, is om te erken jy het sonde. Dis nie maklik om te sê: “Ek was verkeerd” nie. In ’n huwelik sien ons dit baie duidelik – baie keer begin versoening eers wanneer iemand eerlik sê: “Ek is jammer.” Dis waar die pad van herstel begin.

En dis presies so in ons verhouding met die Here. Wanneer ons bid en om vergifnis vra, begin dit daar: ons moet besef ons het sonde, dit erken, en dit bely.

Die Hebreeuse woord vir vergifnis dra die gedagte daarvan om nie iemand se sonde teen hom te hou nie – om dit as’t ware nie meer teen hom te tel nie. So wanneer ons vra vir skuldvergifnis, vra ons eintlik dat die Here nie ons sonde teen ons sal hou nie. En volgens Psalm 103:1–4 doen Hy presies dit. Hy vergewe, Hy genees, Hy verlos. In Psalm 103:12 staan daar Hy verwyder ons oortredinge so ver van ons af soos die ooste van die weste is. Dis oneindig ver! Gaan lees gerus die hele Psalm 103 – dis ’n ongelooflike stuk oor hoe groot God se vergifnis regtig is.

Maar hier is die belangrike ding: God is regverdig. Hy kan nie maar net maak asof sonde nie saak maak nie. Hy kan dit nie net wegpraat of onder die mat invee nie. Iets moes gebeur om die verhouding tussen God en mens reg te maak. Die skuld moes heeltemal betaal word.

En geen mens kon dit doen nie – nie eers die slimste of mees gerespekteerde godsdienskenner nie. Ons kan nie vergifnis koop met geld, goeie dade of offers nie. Alles behoort in elk geval klaar aan God. Hy het niks van ons nodig nie.

Dis hoekom Jesus gekom het. Hy het ons skuld betaal. Hy het gedoen wat ons nie kon doen nie. Ons deel? Ons moet ons sonde bely. Met ander woorde: erken ons was verkeerd, en sê jammer. Wanneer ons dit doen, wíl God vergewe. Hy wíl die verhouding herstel. Hy is soos die pa in Lukas 15 – daardie pa wat sy verlore seun met oop arms ontvang het. God se hart is om te vergewe. Die Bybel sê daar is blydskap in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer (Luk. 15:7).

Om vergifnis te vra en te ontvang is ook nie ’n eenmalige ding nie. Solank ons hier op aarde leef, gaan ons nog struikel. Die Bybel is eerlik daaroor: “As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie.” (1 Johannes 1:8). Maar dan kom die wonderlike belofte in die volgende vers: “Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.” (1 Johannes 1:9).

Sien jy? Ons sonde hoef ons nie van God te skei nie. Belydenis bring vryheid. As jy regtig jammer is en na Hom toe draai, vergewe Hy. Dis wie Hy is.

God se vergifnis is onmiddellik. En volgens 1 Johannes 1:9 beteken dit Hy vee skoon. Hy begin nuut. Jy kry ’n vars begin. Jy hoef nie aan te hou jou sondelas dra nie. Dis vergewe.

Jy is vry.

- https://www.geloofsentrum.co.za/2016/03/12/1-johannes-19-vergifnis-maak-vry/
- https://ngkwonderboom.co.za/www/index.php/argiewe/dagstukkie/1304-vader-vergeef-ons-soos-ons-ook-vergewe
- https://nie.co.za/2021/11/01/bybelverse-oor-vergifnis-van-sonde/

Dink bietjie:

- Besef jy dat jy ook sondig is?
- Vra jy vergifnis, of neem jy dit net aan?
- Glo en aanvaar jy Christus se vergifnis?

*Vir die groepgesprek:*

1. Hoe gereeld doen ’n mens goed waaroor jy later spyt is? En hoe lank dra jy dit saam met jou? Kom ons gesels eerlik daaroor.
2. Hoe moeilik is dit rêrig om iemand te vergewe wat jou seergemaak of benadeel het? Kry ’n mens dit reg om aan te beweeg, of voel dit soms of daardie verhouding net klaar is?
3. Wat van tweede kanse? Bestaan daar iets soos ’n opregte tweede kans? Of gee ons iemand net nóg ’n kans, maar hou hom intussen onder ’n vergrootglas?

*Vanuit die teksgedeeltes:*

1. In Psalm 103:12 lees ons dat God ons sonde so ver verwyder soos die ooste van die weste is. Glo ons dit regtig? Of sukkel ons om dit vir onsself te aanvaar?
2. In 1 Johannes 1:9 hoor ons daar is ’n voorwaarde vir vergifnis. Wat is daardie voorwaarde? En is ons opreg wanneer ons ons sonde bely?
3. In Jesaja 1:18 nooi God ons: “*Kom nou, laat ons die saak uitmaak.*” Hoekom is mense dan nog skaam of bang om na Hom toe te gaan?
4. Handelinge 3:19 sê ons moet ons bekeer – met ander woorde, wegdraai van die sonde af. Maar wat nou as ’n mens weer in dieselfde sonde val? Wat maak ons dan?
5. Jesus se vergifnis aan ons behoort ons ook te help om ander te vergewe (Efesiërs 4:31–32 en Kolossense 3:13). Kry ons dit reg? Kom ons help mekaar met praktiese maniere om regtig te vergewe.
6. Psalm 32 is ’n lied oor vergifnis en vryspraak. Lees gerus die hele Psalm saam. Hoe dink julle moet ons ons vryheid en vergifnis vier? Hoe lyk dit prakties in ’n mens se lewe?

- Vergifnis is ‘n saak wat ook ander raak. Vergewe mekaar, maar vra ook vergifnis my mekaar – dit maak jou vry!